



Referaat:
Billike handel in 'n
onregverdige wêreld?

Desember 2004



Billike handel in 'n onregverdige wêreld?

Wanneer ons 'n bottel wyn oopmaak, ingelegde vrugte geniet, of ons verkyk aan die pragtige blomme in soveel Suid-Afrikaanse huise, dink ons selde aan wat met hierdie produkte gebeur wanneer hulle ons land verlaat – wanneer hulle deel word van 'n uitvoerketting wat deur handelsooreenkomste en beleide bepaal word. Ons neem aan dat handel 'goed' is vir ons ekonomie en dus ook 'goed is vir ons'.

In hierdie oorsig vra ons 'Trek arm mense in ontwikkelende lande regtig voordeel uit internasionale handel?' en hoe spreek 'armsimpatieke' inisiatiewe soos 'ethical trade' en 'fair trade' die wanbalans van mag en rykdom tussen en binne lande aan?

Hoekom moet ons bekommerd wees oor handelsbeleid?

Die Suid-Afrikaanse regering se **handelsbeleid** (riglyne vir die manier waarop handel geskied) kan 'n inslag hê op armoede deurdat dit groei (van die land se rykdom) en **inkomste verdeling** (hoeveel rykdom word verdeel en onder wie) beïnvloed.

Is dit regtig groei vir ontwikkelende lande?

Baie mense voer aan dat lande wat meer **liberale handelsriglyne** het (handel toelaat sonder te veel begunstiging), tesame met goeie geldelike beheer en aanspreeklikheid, hoër groeikoerse bereik as die lande wat handel probeer inperk.

Nietemin, die situasie in Suid-Afrika is tipies van die ervaring in ontwikkelende lande. Onderhandelings oor handelsooreenkomste tussen Suid-Afrika en die Europese Unie (EU) het kort na demokratisering in Suid-Afrika begin. Suid-Afrikaanse onderhandelars moes met die

magtige EU landboukokus onderhandel en het beter toegewings verwag omdat hulle die finansiële swakker vennoot was in die ooreenkoms. Suid-Afrika moes sy handel liberaliseer (oopstel) vir meer invoerprodukte vanaf die EU as wat daar vir Suid-Afrikaanse uitvoerprodukte plek gemaak is. Die ooreenkoms wat gesluit is, was nie waarop SA gehoop het nie. Dit behels die uitvoer van ongeveer 74% van SA se landbouprodukte na die EU, en sluit onder andere sekere ingelegde vrugte, kase, vrugtesappe en wyne in.¹

Die probleem met liberalisering is dat alhoewel ontwikkelende lande beheer kan uitoefen oor hoe vinnig hulle hulself vir invoerprodukte oopstel, kan hulle nie op hul eie bepaal hoe vinnig hul uitvoerprodukte toeneem nie. Dit beteken dat die Suid-Afrikaanse produsente meer buitelandse kompetisie het vir plaaslike markte terwyl hulle sukkel om hulle eie uitvoerteikens te bereik.

Verbeter dit inkomste verdeling?

Eintlik is daar slegs 'n paar lande wat gemiddelde of hoër groeikoerse bereik het, terwyl 'n verbasende aantal ly onder afnames in lewenstandaarde. Die top vyfde van die wêreld se mense – dié wat in die rykste lande woon – baat 82% deur uitgebreide uitvoerhandel terwyl die onderste vyfde skaars met meer as 1% baat.² Dis duidelik dat huidige handelspraktyke onregverdig skeeftrek ten gunste van die alreeds ryk en magtige nasies en hul elites (bevoorregtes).

Vir beter inkomste verdeling en vir arm mense om te baat by 'n verslapping van handelsbegunstiging moet daar **bykomende ondersteuning wees** in die vorm van meer toegang tot grond, krediet, basiese opvoeding en makliker toegang tot markte.

1. 'International agreements impacting on South African agriculture' – ongepubliseerde verslag 2000.

2. 'Rethinking liberalization and reshaping WTO' deur Martin Khor. Africa economic analysis 2000.

Wat is die verskil tussen 'Billike Handel' en 'Etiese Handel'?

Billike handel

Fairtrade klassifikasie het in Nederland begin in die laat tagtigerjare, en was eers slegs op koffie van toepassing. Dit was spesifiek in antwoord op die ineenstorting van die wêreldprys van koffie wat tot onder produksiekoste gedaal het, met swaar gevolge vir baie koffieboere en hulle gesinne.

Britse liefdadigheidsorganisasies het toe ook 'n Fairtrade Foundation gestig wat die internasionaal erkende Fairtrade standaard deel met inisiatiewe in 19 ander lande, en wat saamwerk as Fairtrade Labelling International (FLO).

Fairtrade spreek die kwessie van lae pryse aan deur te waarborg dat produsente billike terme en billike pryse kry – hoé onbillik die gewone mark ookal is. Hulle doen dit met die gebruik van die FAIRTRADE merk (etiket), wat net van toepassing is op spesifieke produkte wat deur maatskappye aangekoop is teen 'n billike prys.

Beginsels van Fairtrade

Fairtrade se doelwit is om **die inkomste van agtergeblewe gemeenskappe te verbeter en hul keuses uit te brei ten opsigte van kos, opvoeding, welsyn en werk.**

Beginsels wat deur billike handel organisasies toegepas word:

- Betaal 'n billike prys waaroor die produsent en Fairtrade organisasie saamstem – dit behels die kostes van rou materiale en produksie. Indien dit iemand se voltydse werk is, verseker dat 'n lewensvatbare loon betaal word.

- Werk met organisasies en werkgewers wat doelbewus daarna streef om voordele aan hulle werkers te verskaf.
- Maak 'n verbintenis tot 'n langtermyn vennootskap met produsente en oopheid en deursigtigheid in die verhouding.
- Maak vooraf betalings en vergemaklik krediet waar mense daarvoor vra, en betaal betyds die afgespreekte prys.
- Help produsente om nuwe produkte te ontwikkel en toegang te kry tot hoofstroom markte in die noorde.
- Verseker dat produksie en handel so min as moontlik skade aan die omgewing doen.
- Maak verbruikers in die noorde bewus van die onreg van internasionale handel.

Teikengroepe

Fairtrade werk met twee hoofgroepe. Die eerste is kleinhoewe eenaars wat aan koöperatiewe of ander organisasies met demokratiese en deelnemende strukture behoort. Die tweede groep is georganiseerde werkers wie se werkgewers billike lone betaal, hulle die reg waarborg om by vakbonde aan te sluit, asook ordentlike behuising verskaf waar dit tersaaklik is.

Huidiglik trek 800 000 werkers en boere in die ontwikkelende wêreld voordeel uit die beter bedeling wat die FAIRTRADE merk waarborg.

Algemene benadering

Fairtrade werk deur 'n 'gesertifiseerde' etiket toe te ken vir produkte wat die internasionaal erkende standaard van billike handel (fair trade) nakom.

Hoe dit in die praktyk werk

Deur middel van 'n beleggingsfonds vir ontwikkeling wat gemeenskappe en individue bemagtig om organisasies te bestuur, met

hoofstroom besighede te onderhandel, en gemeenskaplike kwessies aan te speak (die versterking van vroue se posisies, of met mense met MIV te werk).

Fairtrade doen ook navorsing en verskaf uitvoergeleenthede vir groepe wat dit andersins moeilik vind om op internasionale vlak handel te dryf en te voldoen aan die vereistes van noordelike produsente, bv. in terme van hoeveelheid en gehalte van produkte, tydsberekening van aflewings ens.

Markaandeel

Billike handel kan net werk as handelsmaatskappye bereid is om by die huidige 422 geregistreerde Fairtrade produsente te koop. Die Fairtrade Foundation ontvang gereelde opgawes van maatskappye wat uiteensit watter produsente hulle ondersteun en wat hulle vir produkte betaal het.

Verbruikers uit die noorde kies Fairtrade produkte in die supermarkte en winkels omdat hulle die etiket herken. Herkenning van die etiket het met 5% gestyg in een jaar (2002-2003)³ maar dit waarborg nog nie 'n styging in verkope nie.

Op die oomblik word Fairtrade etikette in 19 lande gebruik, op 250 produkte wat tussen 1% en 14% van die markaandeel het. Verkope in al die lande wat die FAIRTRADE merk lisensieer vermeerder 20% elke jaar.

Voordele en uitdagings van hierdie model

- Die grootste voordeel van hierdie model is dat dit die kwessie van inkomste verdeling aanspreek, en nie net handelstoename behels nie.
- Dit neem ook die werklikheid van toegang tot geleenthede in ag, en ondersteun klein produsente wat andersins nie in staat sou

wees om billike pryse te beding nie.

- Dit spreek die breër sosiale kwessies soos geslag en MIV/Vigs aan.

Waarkynlik die grootste uitdagings vir Fairtrade is dat:

- Baie maatskappye wat vir markte produseer sou 'n stelsel verkies wat plaaswerkers se omstandighede verbeter sonder om pryse te verhoog.
- Verbruikers steeds onwillig is om hoër pryse te betaal vir goedere – gevolglik bly die markaandeel relatief laag.
- Dit afhanklik is van die stadige en stelselmatige ontwikkeling van werkersorganisasies en van 'n nuwe vennootskap met produsente-groepe om kapasiteit op te bou.

Etiese handel

Die Ethical Trading Initiative (ETI – etiese handel inisiatief) is 'n vennootskap van kettingwinkels/supermarkte, vakbonde en nie-regeringsorganisasies (NROs), wat die ondersteuning van die Britse regering geniet.

Beginselss van ETI

ETI se doelwitte is om te verseker dat internasionaal erkende arbeidstandaarde, veral basiese menseregte, in die werksplek gehandhaaf word deur al die stadiums in die produksie van goedere wat in kettingwinkels in Brittanje verkoop word.

ETI se werk is gebaseer op standarde uiteengesit in konvensies wat gesluit is onder die Internasionale Arbeidsorganisasie, en wat die gesag van volkereg kry as dit eers deur regerings aanvaar is.

Hierdie standarde is as volg:

- arbeid word vrylik gekies: geen dwang-

3. Webwerf 'Fairtrade facts and figures' Fairtrade.org.za, April 2004.

- arbeid of knegskap word toegelaat nie
- vryheid van assosiasie en die reg tot kollektiewe bedinging word gerespekteer
- werksomstandighede is veilig en gesond
- geen kinderarbeid word toegelaat nie
- lewensvatbare lone word betaal aan alle werkers
- werksure is billik
- geen diskriminasie word beoefen nie, ongeag die werksomstandighede
- gereelde werk word deur formele kontrakte gelewer
- geen hardhandige of onmenslike behandeling word toegelaat nie.⁴

Hoe ETI in die praktyk werk

Die ETI werk deur die implementering van **gedragskodes** wat gestaaf word deur monitering van onafhanklike opgawes op plase en werksplekke.

In die laat negentigerjare is daar navorsing gedoen deur **'Women Working Worldwide'** in vyf Asiese lande om uit te vind wat werkers weet omtrent gedragskodes.

Werkers was baie skepties dat die kodes behoorlik geïmplementeer word, en glo dat die hoof beweegredes van maatskappye wat die kodes instel nie is om hulle werkers te beskerm nie, maar om die maatskappy se beeld te bou. Hulle ervaring is ook dat daar onafhanklike, sterk arbeidsorganisasies moet wees voor die kodes effektief ingestel kan word.⁵

In 'Gender and Ethical Trade: a mapping of the issues in African Horticulture' sê Barrientos, Dolan en Tallontire (2001) dat indien gedragskodes die werksomstandighede van die meerderheid vroue arbeidsmag in die tuinbou moet verbeter, dan sal geslags-

diskriminasie aangespreek moet word in die huurproses, ongelyke lone vir gelyke werk, tekort aan toegang tot werksvoordele as gevolg van onsekere werkskontrakte, seksuele teistering, gelyke geleenthede en toegang tot opleiding. Andersinds sal die voordele van die gedragskodes beperk bly tot die kleiner elite van die permanente, meestal manlike deel van die arbeidsmag.⁶

Hoe etiese handel in Suid-Afrika werk

'n Voorbeeld van 'n ETI in Suid-Afrika is die Wynbedryf se Etiese Handel Assosiasie (WIETA). Die assosiasie het ontstaan uit 'n ETI loodsprojek in die wynbedryf. Dis 'n vrywillige assosiasie van die vele belanghebbendes in die Suid-Afrikaanse wynbedryf.

Hoe lede tot die inisiatief bydra

Produsente word aangemoedig om die gedragskodes vrywilliglik in te stel, en vakbonde word gevra om 'n belangrike rol te speel in bewusmaking van die kode onder hulle lede. NROs is boonop waardevolle bronne omdat hulle kennis, opleiding kapasiteit en navorsing bekwaamhede verskaf. Die Suid-Afrikaanse regering is ook 'n lid en verseker dat daar meer effektiewe dienslewering plaasvind in die plattelandse gebiede met skaars hulpbronne.⁷

In Suid-Afrika is daar, deur WIETA, verder voorsiening gemaak in die kode om werkers se behuising en sekerheid van verblyfreg in te sluit.

Vooruitgang sover in SA

Tot op datum het WIETA al 35 opgawes uitgevoer, en vier verbeteringsplanne ontvang van geouditeerde kelders, kwekers en

4. 'fair-trade and ethical trade: distinct but complementary' www.ifat.org.

5. 'Company codes of conduct'. An education pack for worker activists. 1998.

6. *Gender and ethical trade*. Barrientos, Dolan, Tallontire, April 2001.

7. WIETA referaat oor agtergrond. Webwerf: www.wieta.org.za.

bottelarye. Die opgawes is deur Suid-Afrikaners gedoen wat lewenswyses in die landelike gebiede ken. MIV/Vigs en geslagskwessies is in hulle voorstelle genoem.

Die voordele en uitdagings van hierdie model:

- 'Etiese handel' werk binne 'n bestaande raamwerk van hoofstroom handel en beoog om die werksomstandighede te verbeter van werkers wat alreeds betrokke is by die produsering van goedere vir verkoop in noordelike winkels. **Dit probeer nie om die wanbalans van mag in die algehele prentjie van pryse en verdeling van winste aan te spreek nie.**
- Etiese handel is afhanklik van 'n alliansie van belange tussen al die belanghebbendes in 'n bedryf. Dis 'n nuwe en innoverende werkspraktyk, maar 'n gelyke aantal lede op die raad beteken nie gelyke mag in terme van vaardighede en bronne nie. **Indien die vorige agtergeblewe vennote nie toegang het tot kapasiteitsbou en opleiding nie, kan die 'vennootskap' bloot as vertoon beskou word.**
- Die onderliggende kodes van die opgawes skiet tekort ten opsigte van geslagsgeregtigheid en regstelling.
- Omdat dit geskoei is op die vrywillige lidmaatskap van werkgewers mag dit slegs 'n klein minderheid bereik.

By oorweging van 'n vennootskap in handelsinisiatiewe

Voordat organisasies kies of hulle betrokke wil wees in billike handel of etiese handel inisiatiewe kan die volgende kontrolelys hulle dalk help om te kies.

Handel of ontwikkeling – wie trek eintlik voordeel daaruit?

- Wat is die doelwit van die inisiatief – liberalisering van handel, of ontwikkeling?
- Sal die inisiatief handel verbeter vir werkgewers of beter inkomste en werksomstandighede vir plaaswerkers bevorder – of beide?
- Word verbetering in 'markaandeel' weerspieël in 'n verbetering van die werkers se inkomste en omstandighede?

Standaarde

- Verg die inisiatief meer as die minimale arbeidstandaarde?
- Was werkers betrokke in die opstel van standaarde?
- Spreek die bedryfsplan en monitering die kwessies van geslagsregte en regstelling aan?
- Is daar 'n duidelike plan van hoe die monitering in stand gehou sal word?

Kapasiteit bou en toegang

- Is daar genoeg sterk werkersorganisasies om die vrywillige aanvaarding en onderhoud van die kodes te ondersteun?
- Sal hierdie werkersorganisasies enigsins versterk word deur hierdie proses?

Volhoubaarheid

- Het die inisiatief 'n plan vir volhoubaarheid?
- Wie verskaf tans die fondse en weerspieël dit samewerking of 'n botsing van belange in die resultate van die ondersoeke/opgawes?

Centre for Rural Legal Studies, 2004.